WELKOM BY VANDAG SE EREDIENS!
15 JULIE 2018

ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

Belangrike datums

18 Julie	Mandeladag
22 Julie	Kapel Nagmaal
31 Julie	Koorfees
1 Augustus	Koorfees

Eredienste vandag

Kerk 08:00 & 10:00
Ds Kobus Sandenbergh
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Geen
Kapel 10:00
Geen
Kapel 17:30
Dr Neil du Plessis

Eredienste 22 Julie

Kerk 08:00 & 10:00
Ds Hettie Wessels
KIX-kerk 08:00 & 10:00
Ds Neil du Plessis
Kapel 10:00 (Nagmaal)
Ds Kobus Sandenbergh
Kerk 17:30
TBC

SENIORS

Silwerhoekie
Eerskomende Dinsdag is ons jaarlikse Pannekoekdag! Bring asb panne en spane en 'n gasstofie as jy een het. Geen groep is verantwoordelik vir verversing nie.

Bybelstudies (tydens skoolkwartale)
Dinsdae

- Wilgeheuwel Aftreeoord: Elke 1ste en 3de Dinsdag van die maand om 15:00 in die gemeenskapsaal.
  Navrae: Dr Theo Marais (082 570 0769) of Les Fischer (082 689 8318).

Woensdae

- Seniors: Elke Woensdag om 9:00 in die Koffiewinkel.
  Navrae: Dr Willem Saunderson (083 657 9828)
- Harveston Aftreeoord: Elke 2de en 4de Woensdag van die maand om 15:00.
  Navrae: Ds Kobus Sandenbergh (082 451 1671)

JONGWERKENDES

Die Sewe30's Groeigroep kom Woensdae in die Koffiewinkel bymekaar. Vir meer inligting kontak Johandie by 7dertig@gmail.com of 083 393.

JEUG

KIX en JonkX hervat weer eerskomende Sondag 22 Julie!

KIX: Kleuterkerk (3-6 jaar) in A6
08:00 & 10:00 (geen tydens Gesinsdienste)
KIX-kerk (Gr 1 – 6)
08:00 – 09:20
10:00 – 11:20
KIX: 10:00 Engelse klas vir Gr 1 – 6

KIX KERK kinders in christus kerk

JonkX (Gr 7 – 11)
18:30
JonkX: 08:00 Dubbelmedium groep in K4

JONKX

Kontak Ilze de Villiers (Muggie) by 082 789 0621 of jeug@ngweltevreden.co.za vir meer inligting.

LIEF EN LEED

Indien u van enige lidmaat weet wat deur 'n moeilike tyd gaan of siek is, kontak gerus die kerkkantoor of die Leraar aan diens.

Diensleraar
Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Direkteur van Versorging (M.Soc. Sc in Maatskaplike Werk)
Alda Boer SMS 083 261 2700

Barnabas diensbeurt
Basie Verster 083 728 4365
Melanie Botha 082 746 1136

Voorbidding word gevra vir:
Langtermynversorging

- Xander Wentzel begin binnekort met behandeling. Sy nommer is 082 420 9047.
- Tannie Elizabeth Pütz sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 010 596 7323.
- Renske Louw sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 083 627 4004.
- Grizelda du Toit se ma is gediagnoseer met kanker en het met chemoterapie begin. Haar nommer is 072 027 4130.
- Willie Visagie reageer goed op behandeling. Sy nommer is 082 340 4078.
- Johan Eloff sukkel met sy gesondheid. Sy nommer is 072 387 9337.
- Sonet Guy se ma, Dina van Niekerk, sukkel met haar gesondheid. Dina se nommer is 082 696 1438.
- Samuel Jansen ontvang behandeling. Sy nommer is 084 567 2513.
- Dalene Davids se pa het kanker en is baie siek. Dalene se nommer is 083 668 6918.

Ander

- Juanita Barnard sukkel met haar gesondheid. Haar nommer is 082 335 3316.
- Hugh Arnott het 'n operasie ondergaan en sterk tuis aan. Sy nommer is 083 379 7325.
- Ilse en MJ Prinsloo se seuntjie, Simon, is vroeg gebore maar groei mooi in die ICU in die Wilgeheuwel Hospitaal. MJ se nommer is 084 512 3690.
- Gert Coetzee sukkel met sy gesondheid. Sy vrou, Ferris, se nommer is 082 449 2379.
- Amarina Ross is oorgeplaas na 'n stepdown-fasiliteit. Haar nommer is 082 773 8634.
- Vivian Venter sukkel met sy gesondheid en sterk tuis aan. Sy vrou, Joan, se nommer is 011 672 4803.
- Estelle Fraser se pa sterk tuis aan na 'n hartaanval. Estelle se nommer is 082 416 1678.
- Elaine en Dewald Booyens se babadogtertjie, Zoey, is vroeg gebore. Elaine se nommer is 078 963 7621.
- Felicia du Plessis herstel na 'n operasie. Haar nommer is 072 424 3955.
- Piet Kotze is in die Wilgeheuwel Hospitaal. Sy vrou, Kobie, se nommer is 083 793 6245.
- Pieter van Rensburg ontvang behandeling in die Pinehaven Hospitaal se ICU. Sy vrou, Bertha, se nommer is 083 390 1732.
- Annelene Amtsbüchler het 'n skoueroperasie ondergaan in die Wilgeheuwel Hospitaal. Haar nommer is 082 851 4668.

**Ons nooi jou uit om vir iemand op die Lief en Leed lysie te bid.*

ELEKTRONIESE BETALINGS

www.GetSnapScan.com
ng kerk weltevreden

Snapscan
Gebruik SnapScan vir:

- Kollekte
- Dankoffers
- Dankfees, ens.

Rekeningnaam: NG Weltevreden
Bank: ABSA Clearwater
Takkode: 632005
Reknr: 7 3058 0460
Verwysing: Voorletters+Van+Waarvoor

****Vir jou gerief is die debietordervorm op die webwerf gelaai.***

GROEIGROEPE EN BYBELSTUDIES

Indien enige iemand sou belangstel om by 'n Groeigroep of Bybelstudie in te skakel, kontak asb vir Ds Hettie Wessels by 083 254 6833 of hettie@ngweltevreden.co.za.

Woensdae

- 05:30 vir mans in A1. Dr Neil du Plessis 082 346 5238
- 05:45 vir mans by Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Donderdae

- 08:00 vir vroue in die Koffiewinkel. Ds Hettie Wessels 083 254 6833
- 18:30 Donderdag-kafee vir alle ouderdomme in die Koffiewinkel. Ds Kobus Sandenbergh 082 451 1671

Saterdae

- 07:00 vir mans in A1. George Louw 082 491 5313

WAT IS NUUS?

Dagboek!

Dagboek solank die volgende belangrike datums vir die volgende kwartaal:

31 Julie	**Koorfees**
1 Augustus	**Koorfees**
9 Augustus	**Vrouedag**
9 September	**Lente-loffees**
16 September	**Oupa-en-Ouma Sondag**

Mandeladag 2018

Baie dankie aan almal wat reeds vir ons serpe en beanies gebring het, julle is sterre! Ons kan alreeds 'n hele klomp minderbevoorregtes warm hou vir die winter. Serpe, beanies en handskoene kan nog tot **môre** by die kerkkantoor afgegee word.

WINTER HOOP

Ons Winter Hoop projek het afgeskop en hierdie jaar wil ons graag 'n paar slaapsakke aankoop vir haweloses. Hierdie slaapsakke word vervaardig uit herwinde advertensieborde se materiaal. Dit is waterdig en kan klein oprol en het ook handvatsels sodat dit oor die skouer gedra kan word. 'n Slaapsak kos R150. Komberse is in hierdie tyd ook altyd in aanvraag, so indien jy nie 'n slaapsak wil borg nie, maar eerder 'n kombers wil skenk, sal ons dit baie waardeer! **Ons kon alreeds sowat 60 slaapsakke koop vir haweloses! Baie baie dankie vir elkeen wat 'n bydra gemaak het tot hierdie projek.** Vir meer inligting, kontak asb vir Alda Boer, Direkteur Versorging by die kerkkantoor by 011 457 5510.

Baie dankie aan almal wat vir ons plante vir die tuin geskenk het, ons waardeer dit!

Met die uitbreiding van die koffiewinkel het ons heelwat grond wat ons graag wil meng met kompos om in die tuine te gebruik. Om dit te kan doen benodig ons 'n grondsif. Indien jy ons dalk kan help met 'n sif, kontak asb vir Dirk by die kerkkantoor.

GEMEENTEBRIEF - Julie 2018

Winter – 'n kleurversameling van genade

Wintervakansie ... uiteindelik! Die tweede kwartaal van 2018 is verby. Dit het soms die wind uit party van ons se seile gehaal. Vir ander was dit seepglad, maar uitputtend. Dit voel asof elke jaar vinniger verbygaan soos wat ons ouer word...

Vir elkeen van ons is daar 24 uur in 'n dag. Soms voel die ure lank, en soms voel dit asof die ure in 'n dag te min is vir alles wat ingepas moet word. Noudat dit vakansie is en die druk van die skool minder is, kan ouers dalk 'n bietjie asem skep. Kollegas by die werk neem dalk verlof, en die gejaag is 'n bietjie minder.

Miskien is winter nie jou gunstelingseisoen nie. Winter is nie my vriend nie. Ek hou nie daarvan om koud te kry nie en staan moeilik op in die oggend. Die vaal kleure van die natuur dwing my telkens na binne. Gelukkig het die Here lank voor ons nog op aarde was, geweet presies wat ons nodig het. Wintertyd. Rustyd. Hersteltyd. 'n Tyd van verandering, voorbereiding en afwagting op 'n nuwe seisoen. Miskien kan ons hierdie tyd gebruik om krag bymekaar te maak vir die twee kwartale wat voorlê. Miskien ou gewoontes afleer en 'n nuwe gewoonte aanleer. Miskien jou dag so 'n klein bietjie anders inkleur met God se kleure vir jou lewe.

Ons het onlangs by KIX-kerk Gebedsversoeke bekendgestel. Elkeen kon daardie Sondag anoniem iets op 'n briefie skryf. Ek wonder of ouers weet waaroor kinders hulle bekommer, benewens skool en eksamens. Die politieke situasie in ons land, werkloosheid, prestasiedruk, siekte in die gesin of familie, moeilike onderwysers, die verhouding tussen ouers – al hierdie dinge druk op hulle harte. Maar meer nog wil ek met julle deel waarvoor hulle dankbaar was: ouers was bo-aan die lysie; ook oupas en oumas "wat al baie oud is"; goeie sportafrigters; en 'n babasussie wat gesond is, "al het mamma so gesukkel om haar te kry". Daar was baie meer "dankie-" as "asseblief-briefies".

Vir 'n oomblik het ek my voorgestel dat elke gebed 'n kleur in God se kleurversameling verteenwoordig. As ek my dag kan inkleur met Sy genade sal ook hierdie winter genadetyd wees. Miskien gee die winter ons kans om te dink oor wat regtig belangrik is. Ons moet kies hoe ons elke sekonde van ons tyd spandeer, want wat verby is, is verby. Eendag gaan ons wonder hoekom ons nie ons dae met God se kleure ingekleur het nie; waarom ons die minder mooi kleure gekies het, terwyl ons die geleentheid gehad het om ons dae met pragtige kleure te vul.

My skoonma het my geleer dat as mens 'n "crazy quilt" maak, jy die mooi én minder mooi lappies nodig het, want die mooi lappies lyk nog mooier langs die vaal lappies, en die minder mooi lappies vul die mooi lappies aan. Soek in jou lewe hierdie winter die dinge wat vir jou en jou geliefdes mooi herinneringe sal nalaat. Maar moenie spyt wees oor die hartseerdae, of minder goeie tye nie. Soos die bekende gesegde lui: "Without the rain, there would be no rainbow." Daar sal altyd "reën" in die lewe wees, maar fokus doelbewus daarop om ook die reënboogkleure van God se genade raak te sien – in die drukkie van 'n vriend, die oproep van 'n vriendin of 'n bietjie ekstra tyd om iets te doen wat vir jou lekker is.

In Psalm 52:8 staan: Maar ek sal wees soos 'n groen olyfboom in die huis van God; ek vertrou op die goedertierenheid van God vir ewig en altyd.

Mag jy en jou geliefdes in hierdie seisoen 'n rykdom van genadekleure tussen die vaal dae raaksien. Jy het die keuse om te fokus op die reën of op die reënboog; die vaal blokkies lap, of die vrolike helder blokkies. Vertrou op God se genade, en deel jou vreugde met ander in die huis van God – hulle het soms ook 'n bietjie kleur nodig.

Ilze de Villiers
Jeug Koördineerder